PARKSIG
Eiendomsagentskap
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
1486 — Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
EDDIE DE BEER
Diamantslyper
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerk-huis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

JAARGANG XVIII — 20 MEI 1963 — NR. VII
OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# MASSAVERGADERING LEWENDIG

## S.R. beoog kontak

**Of ons kan besluit om 'n konfederasie aan te gaan met die Engelstaliges, of ons kan wag dat hulle 'n konfederasie met ons aanvra, of ons moet hulle heeltemal ignoreer.**

Hierdie verklaring het mnr. J. J. de Jager, voorsitter van die Studenteraad Dinsdagaand op 'n massavergadering gedoen wat deur ongeveer 400 studente bygewoon is.

Dit is die voorneme van die S.R. om kontak te soek maar hulle is nie bereid om beginsels prys te gee nie. So 'n kontak sal 'n beter gesindheid skep tussen die twee gemeenskappe waar die belange van die studente kan bespreek word. Dit is duidelik dat daar egter baie versigtig gehandel moet word met die wyse van kontak. So 'n kontak sal alleen moontlik wees, en is ook nodig, op 'n konfederatiewe basis. Die S.R. het hom ten gunste van so 'n stap verklaar aangesien ons studente ryp is vir so 'n kontak.

Hierdie kontak het nodig geword sedert ons 'n Republiek geword het. Die Engelstaliges is ook burgers van die Republiek van S.A. en hulle is nie meer Brits nie. Die Afrikaanssprekende voel nou dat hy 'n besondere plig het teenoor hierdie anderstaliges.

Verder is daar genoem dat ons baie min te doen kry met die student van die Engelse Universiteit in ons land en dat ons deur middel van hierdie kontak nie net baie kan oorneem nie maar dat ons ook baie kan oordra.

Oor hierdie kontak is daar nie baie bespreking gevoer nie maar etlike vrae is gestel om duidelikheid te verkry oor wat so 'n kontak presies inhou.

Op dieselfde massavergadering is aan die eerstejaars die geleentheid gegee om hul menings te lug oor die inlywing. Chris Jordaan het dit gestel dat sy vader 30 jaar gelede aan hierdie Universiteit studeer het en dat sy vader jammer is dat inlywing nie meer is soos dit in daardie jare was nie. Chris het self ook verwys na die talle eerstejaars wat nie die vergadering bygewoon het nie.

Die bespreking oor die inlywing was besonder lewendig en die algemene houding van die massa is dat daar teruggekeer moet word na „die ou weë".


'n Ander saak wat die aandag van die massa geniet het, is die feit dat die studente aan hierdie Universiteit geen belangstelling in sport, van watter aard ook al, toon nie.

Dit was die algemene houding dat daar iets positiefs gedoen moet word om die belangstelling in die beoefening van sport aan te wakker aangesien dit noodsaaklik is vir die opbou van 'n gesonde gees.

Daar sal ondersoek ingestel word na die moontlikheid dat kleure nie aan 'n persoon toegeken sal word indien hy nie gedurende sy eerste jaar aan die Universiteit aan een of ander sportsoort deelneem nie.

Teen die einde van die vergadering was daar van die kant van mnr. Frik de Beer vrae oor Vreugdedag wat later opgeklaar is.

### PROF. DEKKER VOORSITTER



Prof. G. Dekker, emeritus-professor van die P.U. is volgens aankondiging van die minister van Binnelandse Sake, aangestel as die voorsitter van die publikasieraad.



*Fotokuns.*
So was dit nog drie jaar gelede. 'n Tweedejaar speel hier eerstejaar. (Sien ook bladsy 3)

# Nuwe geboue verrys

Die fenomenale groei wat die Universiteit die laaste paar jaar ondergaan het, blyk duidelik uit die groot aantal nuwe geboue wat die afgelope tyd op die campus verreis het.

Die jongste ontwikkeling is in die fakulteit van Lettere wat in so 'n mate uitgebrei het dat die Hoofgebou te klein geword het. Daar is gevolglik 'n begin gemaak aan die F. J. du Toit-gedenkgebou vir Lettere, aan die ooste kant van die Biblioteek. Hierdie gebou wat uit drie verdiepinge sal bestaan word opgerig teen 'n koste van R280,000. Die gebou sal aan die modernste standaarde voldoen soos blyk uit die feit dat R10,000 vir toerusting alleen in die Spraakleerlokaal bewillig is.

As gevolg van die ontwikkeling op wetenskaplike gebied is daar reeds 'n begin gemaak aan die bou van die Industriële Chemiegebou, wat teen 'n koste van R148,000. Hier sal voorlopig R20,000 aan toerusting bestee word.

Vir die student se sosiale- en sportbehoeftes word 'n gebouekompleks in die vooruitsig gestel wat sal bestaan uit 'n ontspanningssaal, nuwe S.R.-kantore en 'n vergrote kafeteria.

### IN MEMORIAM

Dit was vir ons 'n groot skok om te verneem van die afsterwe van Peter Henegan, oud-student van P.O.K. Hy het in 1960 die Kollege verlaat en het aan die begin van die jaar weer aan die P.U. ingeskryf vir verdere studie.

Peter het sy vader verlede vakansie verloor, waarna sy moeder in Van Heerdenhuis werksaam was. Hy het op 19 Maart siek geword en is na twee operasies skielik op 15 Mei 1963 oorlede.

Ons harte gaan in medelye uit na sy moeder en familie in hul groot verlies. Ook aan Bets Botha, sy verloofde, wat aan ons baie goed bekend is, betuig ons ons innige meegevoel.

# A.S.K. EN P.U. HOU SIMPOSIUM

**Die A.S.K. van Wits se welwillendheidsbesoek aan die P.U. het sy hoogtepunt bereik in die simposium wat verlede Saterdagoggend plaasgevind het. Die onderwerp was: Die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekende studente aan ons universiteite.**

Die Witsies was baie beter verteenwoordig as die Pukke — iets wat beslis nie tot ons eer strek nie.

Vier inleiers het oor verskillende aspekte van die sentrale tema gepraat. Deon Toerien van Wits het 'n algemene inleiding gelewer; Anton Roodt van die P.U. oor: Die Afrikaanse student se standpunt. Kruger Watson het gepraat oor: Die rol van die pers en Roux Wildenboer, voorsitter van die A.S.K. oor die verhouding veral op Wits.

Oor die kern van die saak het die vergadering saamgestem: Ons tyd en situasie verg samewerking tussen die twee taalgroepe; die Afrikaanse studente moet hierin die toon aangee, omdat hy vandag in menige opsig leiding gee; die Afrikaanse student moet die element onder die Engelssprekendes wat wil saamwerk aanmoedig en hy moet hom daarop toelê om die „liberale" (Liberaal in die sin van: Vyandig teenoor die eie van die Suid-Afrikaner en spelende in die hande van die Kommunisme) element met wortel en tak uit te roei.

Dit is egter ook beklemtoon dat samewerking nie nivellering van prinsipiële en kultuurgrense beteken nie.

Die groot waarde van die bydrae van die Witsies was hulle eerstehandse inligting en besondere siening gebore uit hulle stryd op Wits. In 'n sekere mate besef hulle die erns van die saak beter as ons, maar hulle het nie hulle „oopheid" t.o.v. die Engelssprekendes verloor nie, soos mnr. Kotie de Jager tereg opgemerk het.

# Volkspelers woon saamtrek by

Die P.U. Volkspelelaer het op Saterdagaand 4 Mei 'n uiters geslaagde saamtrek hier in die Studentesaal gehou. Verskeie laers van die Wyksbond het bygedra om die aand suksesvol te maak. Toebroodjies en sop is aan die besoekers gratis verskaf met hulle aankoms. Pouse is vrugteslaai verkoop, wat dan ook groot byval gevind het. Uit die opbrengs van die aand kan 'n mooi wins van dertig Rand getoon word. Hierdie bedrag word aangewend om reise na saamtrekke in ander laers, gedeeltelik te subsidieer.

Saterdagaand die 11e Mei het die plaaslike laer, met 'n aantal pare van Pote, 'n heerlike saamtrek te Orkney bygewoon. Daar kan met groot lof gepraat word, oor die goeie gesindheid en gesonde gees wat op kulturele gebied, tussen die twee opvoedkundige inrigtings heers. Volkspele kan seer sekerlik as een van die belangrikste mediums beskou word, waardeur studenteeenheid onderling teweeg gebring word.

# Nellie du Toit beïndruk

**Nellie du Toit het Vrydagaand voor 'n entoesiastiese gehoor in die Konservatoriumsaal opgetree. Dit was die tweede konsert in die reeks meesterkonserte wat die Potchefstroomse Universiteit vanjaar aanbied.**

Vir die sangeres was dit 'n moeilike opgawe om tussen haar vertolkings van die gravin in die Figaro opera-aanbiedings in Johannesburg en Pretoria die heeltemal verskillende benadering tot die intieme liedvertolking te vind. Die vol besette saal en die uitstekende akoestiek het egter gehelp om die kunstenares tot haar beste prestasies aan te spoor.



Nellie du Toit

Die konsertaria van Mozart en die liedersiklus van Schuman het voor die pouse groot geesdrif by die musiekliefhebbers verwek. Nadat sy in die tweede helfte van die program ook groepe liedere van Mahler, Wolf en R. Strauss ten gehore gebring het, was die entoesiasme van die publiek so groot dat sy tot verskeie toegifte gedwing is.

Die pragtig ontwikkelde — en nog steeds ontwikkelende — stemorgaan en haar gevoelige en intelligente voordrag saam met 'n sterk verhoogpersoonlikheid sal lank in die herinnering van die Potchefstromers bly.

Hennie Joubert was die simpatieke en bekwame begeleier aan die klavier.

BALLET DEUR TRUK

Truk bied 'n genoeglike aand aan balletliefhebbers wanneer Gary Burne en sy geselskap Saterdagaand 18 Mei in die Potchefstroomse Stadsaal optree.

Die program sluit die voorstelling tot die ballet en die tweede bedryf van Giselle in.

## EERSTEJAARSWYSHEDE TYDENS DIE AFGELOPE HANDBOEKEKSAMEN

1) Die S.R. staan onder leiding van die studentemassa en onderdruk nie die studentemassa deur na die stem van die individuele studente te luister nie.
2) „IN U LIG" as leuse is geneem uit: 2 Kor., of: Mattheus, of: Rom. 12, of: Iewers uit die Bybel, of: uit 'n Hollandse boekie wat vroeër uitgegee is.
3) Die S.R. handhaaf sy grondslag deur oortreders op die gebied te straf.
4) Vr.: Hoe handhaaf die S.R. sy grondslag? Antw.: Goed.
5) I/s. dra van P.U.-kleure:
P.U.-kleure mag nie op partytjies gedra word nie; nie in kroeë, hotelle en ander ongewenste plekke nie, of na plekke waar dit onteer kan word nie; nie op publieke vakansiedae nie, nie naby 'n gevangenis nie; in die geval van mans: by kortbroeke slegs as die hemp effekleurig is, en boonop moet die skoene toepaslik wees; mans mag nie P.U.-kleure dra as die meisie wat by hom is, 'n bont rok aan het nie; in die geval van dames: deur dames wat plakkies of sandale aan het of dames wat rook nie.
6) I/s. toere:
   (i) Die S.R.-verteenwoordiger gaan op toere saam om toesprake te lewer. Of: Om te sorg dat die Puk se naam nie in die modder gesleep word nie.
   (ii) a) Die raadsverteenwoordiger kyk net dat sake reg verloop.
   b) Die S.R.-verteenwoordiger moet sien dat alles vlot verloop.
   c) Die toerleier moet sien dat wat gereël is, goed moet plaasvind.
7) Dan spreek die simpel sopkoppe ook van die Juliana Verweywisselbeker; die Van der Watt-Stevenson-diskoteek; die koltekteerlyste en ook die Rasper as publikasies van die S.R.
8) Hoofredakteur van „Die Wapad" is: Van Wyk Louw.
9) Onder-sekretaris van die S.R. is: Pieter du Plessis of: Johan du Plessis.
10) Penningmeester is Jan Welding, of: Josua Welding, of: Kampies Aucamp.
11) Damesverteenwoordigster is Alta Geertsema. Die damesverteenwoordigster word gekies deur die matrones.
12) Een van die komitees *uit* die S.R. is die komitee vir politieke aangeleenthede.
13) Die administratiewe beampte is mnr. Kassie van der Berg.
14) 'n Anders jors weet te vertel dat mens op laerskool die feite van die lewe leer.
15) Die doel van die A.B.K.K. is om die boys hier 'n lekker tyd te verskaf.
16) Die ou Puk het vreeslike aanvalle van die soldate moes deurmaak tydens die rebellie van 1918.
17) Op die Puk word kennis nie slegs gesistematiseer en geverifieer nie, maar dit word hier ook geléér.

Studentehandboeknasieners.

## A.S.P.U. VERGADER

Die A.S.P.U. vergader vandag en môre op Bloemfontein vir die eerste keer sedert die unie gestig is. 'n Hele aantal belangrike sake word bespreek waaronder kontakte in oorsese lande en nuusuitruiling in Suid-Afrika.

## GREG AUCAMP WEN REDENAARSKOMPETISIE

Mnr. Gregoire Aucamp het op die afgelope redenaarskompetisie die eerste plek gebuit en sodoende ook die Wolnit-kompetisie gewen. In die tweede plek was mej. Barbara Geertsema.

## A.S.B.-HOOFBESTUUR VERGADER

Die volgende hoofbestuurs- en beleidsraadsvergadering van die A.S.B. — die laaste voor die kongres — vind op Vrydag en Saterdag sewe en agt Junie aan die P.O.K. plaas.

'n Memorandum oor die taak van die A.S.B. en die kontaksituasie in S.A. sal op die beleidsvergadering bespreek word.

## DIRK HERBST TREE OP VOOR A.S.K.

Die President van die A.S.B. het voor die A.S.K. van Wits opgetree met 'n toespraak oor Akademiese vryheid in S.A.

Die vergadering het plaasgevind midde in „Academic Freedom Week" wat jaarliks deur die S.R. van Wits gereel word. Die S.R. het alle komitees versoek om geen vergaderings te reël naas die van die S.R. nie. Die A.S.K. het egter sy eie vergadering gereël in hierdie tyd. Die vergadering is bygewoon deur ongeveer 250 studente waarvan dertig lede van die A.S.K. was.

Mnr. Herbst (pres. van die A.S.B.) het by hierdie geleentheid die beginsel van Akademiese Vryheid onderskryf. Dit sluit in die vryheid van die Akademiese denkers om vanaf die intellektuele voorpos waarin hy hom bevind sy menings oor sake te lug.

Akademiese vryheid is ook onderworpe aan die reël waaraan alle vryheid in 'n geordende samelewing onderhewig bly: Dit koppel jou met bepaalde verpligtinge wat onderneem word deur diegene wat die vryheid wil geniet. Akademiese vryheid kan net beweeg binne perke wat aan die Universiteit opgelê word deur waardes en norme en agtergrond. 'n Universiteit kan hom nie losmaak van die bodem waaruit hy kom en sy lewenskrag put nie.

# Toestande in Rusland haglik

Ds. Papp

**Tydens Korps se jongsgehoue vergadering op 1 Mei, het 'n baie interessante persoon as spreker opgetree. Ons sal ds. Papp van die Hervormde Kerk van Krugersdorp nog lank onthou om verskillende redes.**

Sy lesing het gehandel oor die toestande in Rusland wat gelei het tot die Russiese Rewolusie, en hierdie deel van sy lesing het hy toegelig deur die gebruik van kleurskyfies wat veral die prag en praal van die Russiese Tsaars duidelik aangetoon het. Ná 'n paar kleurskyfies van die eerste Kommunistiese leiers, het hy die toestand in Hongarye geskets soos dit was nadat Rusland dit tydens die Tweede Wêreldoorlog ingeneem het. Ds. Papp het eerstehandse kennis daaroor aangesien hy 'n Hongaarse vlugteling is wat in 1949 na S.A. gekom het.

Die Hongaarse verkiesingstelsel het uniek geword in dié opsig dat slegs één politieke party erken word en dat mens slegs vir één kandidaat kan gaan stem, nl. die Kommunistiese. Elke Hongaar is boonop verplig om te gaan stem, anders word 'n plan met hom gemaak as 'n saboteur van die regering. Die stempersentasie is dan ook maklik 96—98%.

Godsdiensoefening is nie verbode nie maar 'n predikant moet in sy spoor trap oor wat hy verkondig: oor die hemelse dinge kan hy vryelik preek maar oor die aardse moet hy swyg. Spesiale waarnemers tydens die eredienste sorg daarvoor dat predikante hul leer „suiwer" verkondig.

Eers ná die inname van Hongarye het die Westerlinge besef hoe primitief die Russe inderdaad nog was tot op daardie stadium. Selfs die gebruik van 'n „W.C." (aldus ds. Papp) was vir hulle iets onbekends. Artikels soos sigarette en horlosies was vir hulle iets besonder luuks, en hul honger daarna was onversadigbaar.

In die onderwys word die Kommunisme op slinkse wyse gepropageer. Die geskiedenishandboeke bv. is oorgeskryf, en die vroeëre volkshelde word nou as boewe en volksuitbuiters voorgestel, terwyl diegene wat hul lewe opgeoffer het vir die Rewolusie en die Kommunisme, as dapperes en nasionale helde vereer word.

## SINGENDE DUITSE STUDENTE-VERENINGING

'n Nuwe konstitusie is vanjaar opgestel wat goedgekeur is deur lede van die vereniging. Ook die owerheid van die Universiteit het hulle goedkeuring daaraan geheg.

Mnr. Frans Furstenberg verdien 'n gelukwensing vir die ywer wat hy as voorsitter van die vereniging toon, en die manier waarop hy die vereniging lewendig hou.

Die P.U. Duitse Studentevereniging het vanjaar goed begin met 'n liedereaand wat in die konservatorium gehou is, waar mev. S. Serfontein-Theron as soliste opgetree het. Werke van bekende Duitse komponiste en digters is voorgedra. Die opbrengs, wat 'n aansienlike bedrag beloop het, was ten bate van die Lutherse Kerk te Potchefstroom.

'n Dramalesing word Vrydagaand deur lede van die vereniging in die hoofgebousaal gehou. Belangstellendes is welkom.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

DIS NUUT
DIS BETER
DIS GOED
NEEM U FOTOS BY:
FOTOKUNS
Tel. 3185
Tomstraat 82, POTCHEFSTROOM.



# Ontgroening in Toeka se Dae





## A.S.B.-Kongres vol belofte

**Die vyftiende jaarkongres van die A.S.B. vind vanaf agt tot twaalf Julie aan die Onderwyskollege van Pretoria plaas.**

Die sentrale tema van die kongres is „Die Afrikaner Vandag". Altesaam agt sprekers sal referate oor die sentrale tema lewer waarvan twee gassprekers sal wees.

Na verwagting sal vanjaar se kongres een van die grootstes in die geskiedenis wees omdat dit saamval met die 15e verjaardag van die bond. Aanduidinge is dat alle geaffilieerde takke insluitende die Kaapse Kolleges teenwoordig sal wees. Ook die Afrikaanse Studente Kring van Wits sal sy waarnemers stuur.

Saam met die kongres vind die fakulteitskonferensie en die opvoedkundige konferensie plaas.

Vir die studente wat die week voor die kongres vakansie het, is 'n sangfeesweek by die Hartebeespoortdam gereël. Plaatopnames sal gemaak word. Volkspele sal gespeel word en daar sal gesellig verkeer word.

Geen toesprake sal gemaak word nie.

## VARSITY WORD AANGEVAL

**Na die heftige aanval teen „Die Wapad" in die begin van die jaar kom die berig van Kaapstad dat die studentekoerant van die Ikeys maar ook moeilike tye beleef. Lede van hulle studenteraad het die koerant aangeval oor onverantwoordelike berigte en die verkeerde interpretasie van feite.**

In sy redakteursartikel lewer die redakteur as volg daarop kommentaar:

„To say that a University newspaper must both educate and entertain, must present facts as facts, without bias, and must give a same, balanced and objective lead in its editorial comment is to be exact, even though platitudinous. *Varsity* is not a partisan publication; moreover it is not in a position to wage private and personal wars against other student organizations or publications. It must preserve its integrity and maintain its responsibility towards the students. Only when the student interest demands that something be said about an action or statement which is manifestly wrong, may editorial comment be aggressive."

## STUDENTE VARIA NUWE VORM

Die program Studentevaria sal vanaf Augustus 'n nuwe vorm oor Radio Suid-Afrika aanneem. Dit is die hoofbestuur van die A.S.B. wat die S.A.U.K. in hierdie verband genader het.

Die setel van Studentevaria sal in Pretoria wees en na verneem word sal Danie Erasmus die program behartig. Alle sentras sal die geleentheid kry om nuus aan die program te verstrek.

Versoekprogramme sal ook geskied met behoorlike boodskappe en 'n inter-universitêre vasvra sal aangebied word.

Die rede waarom Studentevaria eers in Augustus die verandering sal ondergaan is omdat die S.A.U.K. slegs sesmaandelikse programveranderings aanbring.

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG..."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN..."*

*Besoek:*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

*Allerlei*

★ WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP EN in bottels en blikkies

*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*

**Kerkstraat 122**
**Posbus 171 — Tel. Nrs.: 12 en 2582**

„VLEIS PASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . . "

**Turkstra**

*TE KRY BY U KAFETERIA*

**JOUBERT'S**

FIETS- EN ELEKTRIESE DIENSTE

*Regoor Cachetpark, naas Reba kafee.*

*Laer pryse en spoediger dienste vir studente alleenlik.*

Asook Skoenreparasie, veral dames wat jul skoene so deursleep.




**SPAN WÊRELDWYD DIE KROON**

DIE WÊRELD SE GROOTSTE VERKOPER IN KING SIZE VIRGINIESE SIGARETTE

**Dubbele genot: koningsformaat, luukse filter, uitsoektabak**

KSF 274A

DIE BULT
APTEEK
Tomstraat 86

Ons spesialiseer in:

- INNOXA-, VITAMOL-, COTY-Skoonheidspreperate.
- Egte Franse DANA PARFUUM, en
- Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

KOLLEGE
KAFEE

Gerieflik naby die
UNIVERSITEIT.

●

Ons verskaf
ETES

●

Alles wat u Hart begeer

Tomstraat 86. Tel. 958
POTCHEFSTROOM

Wes-Transvaalse
SPORT-
WINKEL

Kerkstraat 85

enigste
verskaffer
van

Offisiële
Kleure

SUPERETTE

Tomstraat 100
Potchefstroom

Gerieflike en moderne self-bediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE,
KOMBUISBENODIGDHEDE
en
GROENTE teen laer pryse.

Onthou 3091

Potchefstroom

Skakel hierdie nommer
vir
diens!

die Wapad

## NOUER KONTAK

Op die massavergadering van verlede Dinsdag het die Studenteraad die kontakbeleid van die Studenteraad aan die Massa voorgehou. Hierdie saak sal elke Afrikaner wat die belange van sy volk op die hart dra, verbly. Ons staan vandag in moeilike tye waarin die voortbestaan van die blanke om elke draai bedreig word. Juis in hierdie omstandighede het ons as blankes 'n taak teenoor onsself, teenoor God en teenoor die nageslag wat na ons mag kom.

In hierdie verband is eenheid onder die blankes noodsaaklik. Hierdie kontak mag egter nooit geskied met die prysgee van beginselsake nie. Daarom is dit des te meer verblydend dat die Studenteraad dit wil beklemtoon dat beginselsake nie op die eerskomende konferensie met die Studenteraad van Rhodes bespreek sal word nie sodat die kontak gemaak kan word en die weg geopen kan word vir verdere samesprekings.

Die doel moet egter in die eerste instansie wees om die beginsel wat aan hierdie universiteit gehuldig word uit te dra. Wat sal dit ons baat as ons maar alleen na ons self en ons veiligheid kyk. Hierdie kontak is 'n uitstekende geleentheid om die Calvinisme ook na ander sentra oor te dra.

## POSITIEWE KIRTIEK

In 'n demokratiese land het die volk die reg om die owerheid tot verantwoordelikheid te roep oor die optrede wat hy in een of ander verband gedoen het. In ons studentelewe geld dieselfde. In die verskillende vertakkings van die studentelewe is daar vele wat die leidende posisies moet inneem om die lewe aan die studentefront aan die gang te hou.

Die Massa het dan ook die reg om oor die aktiwiteite te praat, vrae te vra en kritiek daarop te lewer. Maar sodanige kritiek kan positief wees maar kan ook bitter negatief wees. Na 'n positiewe bydraende kritiek sal enige regdenkende mens luister. Maar wat te betreur is dat daar so dikwels negatiewe kritiek geuiter word sonder dat die vaagste kennis van die feite besit word. Dikwels word die persoon aangeval en die werk wat hy gelewer het.

Die vraag bestaan nou net waaroor 'n mens negatiewe kritiek lewer. Veral hier in die studentelewe. Vele van die leiers op die verskillende gebied offer weke op vir een of ander aksie en dan word daar op hom gepik, net asof hy betaal word om dit te doen en dit nie doen uit suiwer diens nie.

As ons ons studentelewe wil doodmaak dan moet ons voortgaan op die pad van afbreek. Geeneen sal weke werk om dan 'n storm deur te staan en dit nadat daar nie eers die moeite gedoen is om met al die feite vertroud te raak nie.

## REDAKSIE

Hoofredakteur: Marius Aucamp. Telefoon 222.
Subredakteurs: Jan Bradley. Tel. X095 en Ghibeau Gerber. Tel. X041.
Nuusredakteur: Frank Laubscher. Tel. X068.
Sportredakteur: Hennie Viljoen. Tel. X068.
Rugby: Danie van Wyk. Tel. X041.
Varia: Susan Uys en Jan Bradley.
Kunsredaktrise: Marie Pienaar.
Interuniversitêr: Frans van der Walt.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
Mooi wintermateriaal
★
Nomotta-wol in voorraad

## In U Lig

*„Sal vernag in die skaduwee van die Almagtige".*

Teen die aand word die lig verdryf deur die duisternis. Die donkerte oorheers die nag en die gesig van die mens word aan bande gelê. Watter gevaar die mens bedreig, watter verweermiddel in werking gestel moet word, of waar die mens hom moet verberg weet hy nie. Ons sien dat die rampe en gevare meer in die nag gevrees word as in die dag wanneer dit lig is. Maar hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skadu van die Almagtige.

Vernag is rus — die dag daarteenoor is om te werk. Daar moet oorgedink word hoe die mens die nag tegemoet gaan. As jy die nag betree hou die arbeid op en die mens gee hom oor aan die slaap. Aan die sorge van die dag sê 'n mens vaarwel toe. Die nag is ingestel vir rus sodat die mens verfris kan word en om hom nuwe moed en krag te gee vir die nuwe dag wat voorlê. Dit wys ons ook op die belangrikheid van die nagrus.

Die Psalmdigter wys daarop en sê: „Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag nie, vir die pyl wat bedags vlieg nie, as die mens in die skaduwee van die Almagtige rus nie. Waarom moet ons nou juis onder sy vleuels vernag? Die antwoord lê vir ons opgesluit in die woord Almagtige. Dit beskryf die Here as die onbeperkte in wese en in krag. As die nood en die bedreiging jou oorval kan alleen God redding skenk. Onder sy vleuels sal jy alleen rus en kalmte ontvang.

Die skuilplek van die Here sonder jou af van die verderfenisse wat jou al die dae van jou lewe agtervolg en waarteen die mens hom nie kan verset nie. Die skuilplek van die Allerhoogste teken ook vir ons die omvang van die onheil teenoor die kleinheid van die mens, en dat die mens alleen gevrywaar is as die Almagtige hom in sy skuilplek intrek vir beskerming. Ja hierin openbaar God die werking van sy Almag tot redding en rus.

Om in die skuilplek van die Almagtige te vertoef is nie maar net om daarheen te loop, aan te klop en dan weg te gaan nie. Nee om te vernag is om aan die Here te gee in alle omstandighede. Dit is 'n algehele oorgawe aan die Here.

So is daar ook 'n veilige skuilplek vir die enkeling en vir ons volk. Die gevare rondom ons hou nie alleen aan nie. Die gevare rondom ons neem steeds toe. Vanwaar die onheil gaan kom weet ons nie, maar dat dit daar is weet ons. Onheilspellend grom dit van alle kante. Ons moet egter nie paniekbevange raak nie, want daar is 'n skuilplek vir elke persoon en ook vir ons volk as ons net die geloof behou en bid tot God om ons afhanklikheid te toon. Dit lyk vir ons soms so onmoontlik asof daar geen hoop meer is nie, maar wat sê Christus: By mense is dit onmoontlik maar nie by God nie. Christus het gekom om vir ons te betaal sodat ons kan vernag in die skadu van die Almagtige.

H. B. van der Walt.

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS
VAN GEHALTE
Transvalia Meubels
Tel. 2157 Kerkstraat 180
POTCHEFSTROOM
„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
Boeke vir Studie en vir Ontspanning
PRO REGE-PERS BEPERK
„Die Potchefstroomse Boekhandel"
Kerkstraat 91—95 Telefoon 1164 & 497
Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM




*Die groot probleem van alle tye*
*is op ons Campus te verkrye.*
*'n Sentjie hier en 'n Randtjie daar*
*O gaats die manne se geld is klaar.*
*Hoe is dit moontlik manne van Puk,*
*dat die dames julle geld so kan sluk.*

**Juistemint ou vrind, seg ek nog nou die dag aan een van my vrinne. Dit is voorwaar een grootse probleem. Bankrotskap staar 'n ider en 'n inkelte mansmens hier op ons ou Puk-plaas in die bakkies. Dit is nie sommer bogpratery nie, nee dis feite uit elke siel se sak. Dit wil vir my al voorkom asof die probleem by ons vroumense lê. Daar is van hulle wat reken ons is studerende kapitaliste, ouens wat nie eigenlik mooi weet wat om met hulle geld te maak nie, nou kom hulle maar Puk toe om boeke daarmee te koop en daarmee te sleep. Dis nou juis waar julle vroumense die kat aan sy staart beet het.**

'n Knop het in sy keel kom sit, kompleet soos wanneer 'n mens 'n tweedooreier insluk en dit wyer om afwaarts te gly, toe 'n ou met 'n verwese gevreet en heeltemal aangedaan sy broek aan my wou verkoop. Hy en sy meisie wil dan so vreeslik graag „My Fair Lady" of wat ook al gaan sien het, en hy moet al die laste dra. Dis nog 'n goeie broek hy het hom nog net agt jaar. Ja nee, die sitplaats is nog nie eers deur geskuiwe nie, want hy is geen student nie. Of die arme skepsel toe geholpe geraak het weet geen mens. Hy wil mos.

'n Man kan ook nie meer vandag sê stop van myne nie, nee want daar is nie 'n krieseltjie van myne om te stop nie. As 'n mens 'n ou pypie wil maak, gaan staan en doen jy dit ewe stil in die private geheimenis. Die rook word dan stadig deur die neusgate kwytgeraak om weer 'n keer deur 'n gapende keelgat binnewaarts te filtreer. Daar mag nie 'n snuifdeeltjie van 'n twakgeurtjie verlore gaan nie. Dit is voorwaar 'n toestand.

Deesdae is hier mos net baarde, snorre en sulke tipes van vergroeisels te bespeur. Nou juistemint vrouens dit broei en groei uit armoede. Daar is net nie genoeg fondse om te staan en lemmetjies te koop nie. Nee, elke ou geldjie moet mee gesleep word. Al lyk die uitgroeisel ook al soos 'n ystervark wat hom kapot geskrik het en toe maar 'n gedeelte van sy penne gelanseer het. Dit gaan al so erg dat party ouens in Over de Voor vuurhoutjies vir ou lemmetjies ruil, die ander ouens gebruik dan weer die vuurhoutjies vir „toothpicks", dan spaar hulle sommer tandepaste.

Wat gaan op die ou end van die manne van ons ou volkie word as ons vrouens hier op ons Pukplaas nie wil help nie. Is hulle bewusteloos van hierdie dinge? Nou vir wat wil ek nou staan en wonder, of al die groot opofferings en dinge ooit op dees aardbodem deur die heupswaaiers gewaardeer word. Word daar nog dankie gesê dan is dit nie eers meer op ons ou Boere manier nie, nee wat, dis 'n dankie asof dit 'n alledaagse toevalletjie is. Weliswaar reken ek dat die vroumense skoon oordonder word deur lieftalligheid en sulke tipe van ding. Moet tog g'n vrou staan en bederwe nie. Dan gaan alles bekonkeld en onderstebo. Wys wie dra nog so nou en dan die broek en laat dinge weer gaan soos dit eintlik moet. Ik heb gesegd.

Hoor is min. Hier volg die gelukkige nuwe smarte en probleme van die toekoms.

Hannes Steyn is versot op Koukou. Hy kys toe maar met Johanna van Heynigen en nou geniet hulle saam sluk-sluk Koukou.

Uiteindelik is Davé Smit en Rheda Knobel Woensdagaand presies om 7.20 gekys. Geen wonder ou Dave gebruik in die laaste tyd „lip ice" nie.

Baie geluk vrinne, ek is voorwaar met vreugde vervul oor die verwikkeling wat so met die wintermaande kom. Groot verwagtinge staan voor elke koshuisdeur met koue voete en tranede reukorgane, soos byvoorbeeld die volgende manne:

Joof Otto doop elke aand sy borrie geel trui in Dawie Doep se teekan, sodat hy 'n verskoning kan hê om vir Lien Smit te gaan kuier. Net sy weet glo hoe om die vlekke uit te kry.

Marion Stander toon deesdae mos ontstellende sielkundige afwykings. Sy sit glo gedurig en strepies trek. Nou wonder ek maar net of George Geldenhuis nie iets met haar strepies te doen het nie.

Rika Faurie se belangstelling in Romeins-Hollandse Reg het verbasende hoogtes bereik, vandat sy die spesiale aandklasse van mnr. Pieter Henning so intensief bywoon. Hy verklaar egter dat lede vir die klasse net beperk is tot een, anders ontbreek die noodsaaklike individuele aandag geheel en al.

Drika Graphorn en Nic Enslin is nie verkoue nie maar wel musieklik. Hulle gesels net Alabama en vir wat wonder ek nou.

Die groot eensames van Kulu, nl. Cathy Capeling, Hannie Smit, en Lienis Badenhorst was nou Saterdae hare op die maat van „I am going to wash that man out of my head". Henk, Kanon en Georg sit soms myle van Potch. af.

Estelle Mondriaan is eensaam. Elke aand stap sy alleen van Kulu af Insleep toe om iets te gaan drink. Foeitog ek hoop sy kry gou iemand om saam te sleep. anders ly sy netnou aan „cold shoulders".

'n Mens sou reken die Puk is 'n Posduifklub soos die klublede nou hulle veerpote ring.

Piet Bingle het hom self onder huisares geplaas toe hy vir Marianne Stigling 'n ringetjie aangebied het. Ou Piet hou in die stilte van die tipe arres. Baie geluk met die arrestasie.

'n Ene mnr. Heidema, 'n wiskunde student hier op die Puk wil graag sy wiskundestel in Holland aan die einde van die jaar gaan koop. Hy neem vir hom 'n „All Weather" Marina Malan verwarmerstelsel saam. Baie geluk met julle verlowingstelsel.

Ek sê ook vir julle soos Farao gesê het toe hy vir Moses in sy sportmotor sien verby jaag „As Moses went Forth in his Triumph".

Groetnis en lekker snuiwe slepe,

Jaffie Wakis.

# POSTMAHUIS



## Ou Geskiedenis

Uit die anale van ou 'Fleul (Postmahuis) kom hierdie gediggie wat 'n oud-inwoner, Koos van Wyk, se buikspraakpop aan 'n massavergadering voorgedra het.

Dit lui so:

*Toe ek hier nog 'n student was*
*Het ons gery tot in die klas.*
*En as ons later huis toe keer*
*Het ons nie meer 'n steek geleer.*

*Na ete het ons almal saam*
*Gesit en kyk hoe lyk die maan.*
*Daardie jaar was vreeslik droog*
*maar die moed was baie hoog.*

*Nou sien ek in die reglemente*
*Vleul word gesloop sy naam herdoop*
*Die naam van Wing sal Hennie nou*
*Met die van Waterin opbou.*

BRING U SLEEP NA DIE

**DIE REBA KAFEE**

**Kom verfris uself met die beste verversings denkbaar.**

★

BUITELUG TAFELTJIES EN DEURENTYD WORD U MET MUSIEK TRAKTEER.

★

## DAWIE DOEP SUID EN THABA YÄH DRINK TEE

Thaba Yäh en Dawie Doep wend deesdae doelgerigte pogings aan om die gees tussen mans en dames te verbeter.

Die eerste stap van die mans was oorrompelend: Thaba Yäh het 'n fantastiese ruiker ontvang met 'n uitnodiging om Vrydagaand 10 Mei by hulle te gaan tee drink. Die feit dat Kulu hierdie ruiker tydelik geleen het is seker oorgenoeg bewys van die byval wat hierdie metode by enige dame sal vind.

Weens ongunstige weersomstandighede en nat gras, moes die verrigtinge in die vreetsalon plaasvind, maar die gedempte ligte en harem-agtige atmosfeer was heeltemal effektief. Die dames is vergas op musiek, 'n swaardgeveg so reg in El-Setiese luim, en ander minder geweld-dadige nabootsings. Die dames het die affêre geweldig geniet. Om alles warm te hou, is 'n massafliek Inry toe gereël, waar „Guns of Navarone" Saterdagaand vertoon is.

## MIELIELAND

So pas is 'n laat berig in my kies gestop wat ek dadelik soos 'n pruimpie papierwaarts laat trek.

Kaartie Moetzee alias Mielieland, die vrou van Wes-Transvaal, wat 'n aanstormende Jersey bul met 'n sak mielies ter aarde gesloeg het, reken dat die styseltekort in Kulu 'n figuurlike krisis skep. Sy het donderend heen gegaan en haar koffie-emmer genaamd „Piet" vol mielies geplant. Hopenlik sal die intensiewe boerdery die nominale probleme vir die vinnig komende winter uitskakel. Juistemint vrinne wilde boere daardie, seker verwante van die onderste van Helsdingens.

## 'N GONSENDE GEES

'n Gesonde gees in Kulu laat die dames na sleutels gryp. Slotte en grendels is hoog in aanvraag. Toestande is kritiek. Eerstejaars vergal die oudames se naghinste met sakke suiker. Die Tweedejaars se feestelike „nocturnus" word gewreek deur hulle derdejaarsusters se vandalistiese strooptogte en kooisabotasie. Die arme derdejaars word gewreek deur blokkades voor hulle toegestopte grotgate. In die vroë oggendure moes hulle deur 'n chaos van tafels, bokse, tasse, koekblikke, besems en vuilwasgoed 'n veeleisende pelgrimstog na die akademie onderneem.

Soms word 'n Jordaniër in haar kamer toegesluit om haar sielkundige reaksies wetenskaplik te bestudeer. Gewoonlik is die reaksie van bonatuurlike aard.

Besoek ons vir u fotos

★

**BEYERS CLAASSEN**
**Alleen Lombardstraat**

# Verkeerde gees

Geagte Redakteur,

**Watter verkeerde gees heers daar onder ons studente? Veral wil ek noem die mansstudente en nog meer in besonder die sogenaamde ouhere. 'n Geruime tydjie gelede het ek 'n vergadering van die A.S.B. bygewoon. Prof. J. H. Coetzee het die vergadering toegespreek oor die Kommunisme, 'n onderwerp wat in hierdie tyd die belangstelling behoort te wek van die meeste mense.**

Menere, Ouhere, julle is nie verplig soos die eerstejaars om alle vergaderings by te woon nie. As julle dan nie genoeg belang stel nie, waarom woon julle die vergaderings by? Kom julle dan net om asbakkies op die grond te gooi, opmerkings te maak en die mense wat wel belang het by die vergadering, te hinder? Is julle dan nog soos kinders wat moedswillig kwaad doen net om aandag te trek?

Maar afgesien nog van die feit dat julle kinderagtig optree, het julle dan geen respek vir mense wat ouer is as julle nie, vir julle professore nie? Wat het van julle selfrespek geword? Het dit verdwyn toe julle die dag begin het om onder die naam van student deur die lewe te gaan? Sommige mense verkeer mos onder die wanindruk dat as hulle studente is, hulle van alle dinge verskoon sal word al is dit ook die uiting van hulle allerswakste maniere.

'n Woordjie tot die eerstejaars in die algemeen. Julle het nou nodig om die vergaderings by te woon sodat julle ook aanstaande jaar kleurbaadjies kan dra, maar het julle al ooit gedink dat julle almal by hierdie vergaderings baie kan leer? Nie een van julle weet soveel van alles dat julle verveeld hoef te raak nie.

(mej.) G. H. du Plessis.
Klawerhof.

# AT SKRYF

Geagte Pukke,

**Vreugdedag is ook reeds iets van die verlede en as 'n mens daaraan terugdink, dan is dit asof jy dit nooit ervaar het: Modder; Modder! Alles Modder!**

In die eerste plek wil ek, namens die Vreugdedagkomitee, van hierdie geleentheid gebruik maak om almal van u wat na Lichtenburg gegaan het, van harte geluk te wens en te bedank vir u optrede en samewerking. U was te alle tye ware P.U.-Kaners. Een en almal van u het onder moeilike omstandighede meegewerk en meegehelp om te red wat nog te redde was. Ten spyte van die reën, wat 'n demper op die gees geplaas het, het u getoon dat u kan as u wil, sodat alles teen die aand normaal verloop het. Dit was veral verblydend om te sien dat dit juis die Oudames en Ouhere was wat die grootste aandeel in die reorganisasieproses gehad het. Ook die Eerstejaars was gewillig om hard te werk. Ek is jammer as u ongerief moes verduur, want selfs die voorsiening van etes en wat dit behels het, is in die war gestuur — dit was geensins ons voorneme om toebroodjiekonings te wees nie!

In die tweede plek ook 'n woord van hartlike dank aan die Studenteraad en die reisouers. Ook wil ek graag melding maak van die Stadsraad van Lichtenburg wat alles tot ons beskikking gestel het.

Kortliks wil ek die afloop van die aksies bespreek en wel in die volgende orde:

## Die aksie self

As gevolg van die reën en die reorganisasie wat dit teweeggebring het, was slegs die volgende aksies op Vrydag 29 Mrt. moontlik:

1. Die landloop waar ons mnr. Leendert Snyman en mnr. Fanus Huystek wil geluk wens met hulle vinnige voete. Hier vergeet ons glad nie die Burgemeesterspaar van Tarentaal nie — veral die Burgemeester met sy swaar ketting en sy „rol-toespraak".
2. Die Boeresport en die Judovertoning wat groot aandag geniet het.
3. Die Alabama-Studenteorkes wat ongelukkig weens die verskuiwing van terrein nie tot sy reg gekom het nie. Nogtans wens ons hulle hartlik geluk met 'n pragprogram.
4. Die Studentekonsert wat ongelukkig baie kritiek uitgelok het. Laasgenoemde is ook miskien omdat dit bedoel was om 'n buitelugkonsert te wees. Die standaard kon egter hoër gewees het soos die Hertogdom van Heimat duidelik bewys het. Die Vreugdedagkomitee wil ook die voorstelling van die Dawie Doepers vermeld. Tot 'n groot mate het Andries Cornelius teleurgestel en die Lichtenburgers omgekrap. Die silwerkollekte het nogtans 'n bedrag van R85.00 opgelewer.
5. Die verversingsstalletjies is seker die meeste deur die reën benadeel, sodat hier slegs R452.95 gein is. Nogtans het hierdie mense hulle besonder goed van hulle taak gekwyt, terwyl hulle seker met die grootste probleme wat Vreugdedag opgelewer het, te kampe gehad het. Hier loop Klawerhof se stalletjies met altwee die pryse weg.

Op Saterdagoggend 30 Maart het die vlotbouers ons met hoë gehalte vlotte verras. Onder die vlotbouers was veral die groot mate van geesdrif opmerklik. Veral drie vlotte het die oog gevang en wel as: Die bes afgewerkte — „Die Drommedaris" van Heimat en Thaba Jäh; die oorspronklikste — „Die uittrede uit die Statebond" van Dawie Doep en Klawerhof; die lagwekkendste — „Carpio" van Uitspan en Oosterhof.

Ook die kollektante het oorspronklikheid aan die dag gelê en die drie pryse gaan aan:

Rika Faure vir die bes afgewerkte kostuum.

Leon Wolmarans en Frans Pretorius vir die lagwekkendste paartjie.

Anemarie Richter en Christo van der Merwe vir die oorspronklikste voorstelling.

Die persoon wat die meeste gekollekteer het, is mej. Tikkie de Groot, R14.43½.

Die „Hof van Ongeregtigheid" het soos gewoonlik groot belangstelling geniet en R300 ingevorder.

Spesiale vermelding moet ook van die twee kadetorkeste gemaak word. Dit was die orkeste van Lichtenburg en Swartruggens.

Die Puk se rugbyspanne het hierna die aksie op 'n hoë maar moeë noot afgesluit. 'n Woord van hartlike gelukwensing ook aan hierdie manne wat na soveel ontberinge nog die moed gehad het om op die veld te draf.

Ek reken dat almal die lekker ou trein geniet het.

## Finansieel

Op hierdie stadium kan die Vreugdedagkomitee slegs bekend maak dat die onkoste verbonde aan die gehele Vreugdedagonderneming besonder hoog is, en wel vanweë die feit dat die Vreugdedagkomitee op 'n plaaslike komitee te Lichtenburg staat gemaak het en op die vooraand van Vreugdedag moes ons self al hierdie dinge teen hoë onkoste uitvoer. Al die onkostes is egter gedek en op die oomblik word daar reeds 'n wins getoon ... al die kollektelyste moet ook nog inkom.

Reklame is oor die hele Wes-Transvaal gedoen en die swak ondersteuning is skynbaar aan o.a. die weersomstandighede te wyte. Baie mense het dit as vanselfsprekend aanvaar dat die hele Vreugdedagonderneming deur die mat geval het. Verder het ons te doen gekry met die kwaadwillige verwydering en beskadiging van plakkate. As die komitee te Lichtenburg egter gedoen het wat hy onderneem het om te doen, moes die hoofvlot ten minste 'n R1000 alleen opgelewer het.

Onvoorsiene omstandighede het Vreugdedag grootliks in die wiele gery, maar die Vreugdedagkomitee voel tevrede as vanjaar se Vreugdedagonderneming bewys het dat Vreugdedag wel 'n groot gebeurtenis in die studentelewe kan wees, en dat dit die riglyne vir Vreugdedag in die toekoms getrek het. Nogmaals dank ons u vir u geduld en opofferings en aan al die pryswenners: hou maar die kennisgewingbord dop!

N.S.: Pukke, die Vreugdedagkomitee, dank u vir die mosie van gelukwensing.

Dankie,

At van den Berg (voors.).



At van den Berg

*Fotokuns*

# Geagte Redakteur,

**Dit wil my voorkom asof 'n mosie deesdae op die massavergadering van die Puk ingedien kan word (en aangeneem kan word) sonder dat dit eintlik die goedkeuring van almal wegdra.**

Ek sê dit n.a.v. die mosie waarin dank en gelukwensing uitgespreek is met die verloop teenoor die Vreugdedagkomitee van die afgelope Vreugdedag te Lichtenburg.

Die mosie is ingedien en aanvaar — dit getuig sekerlik van die goedkeuring van die massa — en sonder dat daar deur enige persoon kapsie gemaak is of minderheidsnotulering aangevra is. Indien daar besware teen so 'n mosie was, moes dit mos geopper geword het toe die mosie voorgelê is. *Dit is egter nie gedoen nie.* Nou kan daar gesê word dat daar geen kritiek of besware was nie, maar slegs vrae. Daardie vrae bevat egter 'n groter element van kritiek as blote belangstelling, want anders kon die antwoord daarop by die betrokke komitee verkry word; dieselfde geld vir die aanbeveling dat in die Lichtenburg-geval, die voorsitter van hotelakkomodasie gebruik moes maak.

Die kritiek was dus wel die grondmotief vir die vraag en die aanbeveling van die spreker, en dit ten spyte van die mosie — of was die spreker dalk ook in die duister oor wat 'n mosie presies is!?

Hiermee dan net weer my persoonlike dank en gelukwensing, en sekerlik ook namens die massa (wat die mosie gesteun het sonder besware) vir die werk van die Vreugdedagkomitee. As die komitee dit nie verdien het nie, sou die mosie nie aanvaarbaar kon wees nie.

Met dank, Johan Serfontein.



Johan Serfontein

*Fotokuns*

# VREUGDEDAG ONSUKSESVOL

Geagte Redaksie,

**Laat ons nou die werklike feite van die Vreugdedag in die oë staar. Ons beskou die volgende gevalle waar die kombi vir organisasie gebruik is: Maandag 25-3-'63, Woensdag 27-3-'63 en Donderdag 28-3-'63 het die kombi na Lichtenburg en terug gery en het ook op die laaste datum weer daarheen gegaan en die Saterdag daarvandaan teruggekeer. Saam met die ander rondryery in Potchefstroom en Lichtenburg en ander plekke het die totale mylafstand te staan gekom op 654 myl. Die bus se totale mylafstand vir Vreugdedagdoeleindes was 469 myl.**

Ons weet dat die Vreugdedagkomitee nie uit 'n klomp hoenders bestaan het nie, maar dat die voorsitter wel 'n komitee met bekwame lede agter hom gehad het. Deur so heen en weer tussen Lichtenburg te ry het die voorsitter nie alleen sy komitee soos kuikens behandel nie, maar het hy hulle behandel soos eiers wat hy konstant moes warm hou.

## Wins

Ek dink die massa sal saamstem dat die wins maar weinig was (die werklike syfers word om bepaalde redes uitgelaat, red.). Dit vergelyk met 'n rommelverkoping van 'n graad I klas. (Ek het nog nooit van 'n graad I klas gehoor wat 'n rommelverkoping gehou het nie. Lyk my u wel, red.).

## Gronde

Nou vra ons u op watter grond is die mosie van gelukwensing vir die Vreugdedag se sg. sukses ingedien? Die here bedoel seker dat die gees van die massa baie goed was. Daarmee stem ons saam maar dit is 'n feit dat die Vreugdedag finansieel 'n totale mislukking was.

Dit is ook nie lojaal om nou die mislukking op ander komitees af te skuif nie. Die hele skema berus op die organisasie van die voorsitter van die Vreugdedag.

Die feit dat sekere persone met perde in die stadsaal ingery het was seker ook 'n groot sukses. Dink u dat die lede van die publiek van Lichtenburg dit nie as uiters onverantwoordelik beskou nie?

## Verteenwoordiger

I.v.m. die Rembrandt-verteenwoordiger wil ons net sê dat hy wel betyds op die stasie was, maar dat die komitee toe elders was om finale reëlings te tref wat die vorige dag afgehandel sou gewees het.

## Mosie

Ons vra weer op watter gronde het die voorstellers van die mosie van gelukwensing gemeen dat alles 'n sukses was. Ons gee toe dat die Vreugdedag enkele hoogtepunte gehad het maar daar moet met ons saamgestem word dat dit ook sy diep dale gehad het. Laat ons ons slae manmoedig dra en erken dat die Vreugdedag vanjaar finansieel die grootste mislukking in die geskiedenis van die Puk was.

Die feit dat die gees van die studente reg was, het gesorg dat die hele fyn organisasie nie in duie stort nie.

As ons in die vervolg 'n saak wil goedpraat moet ons sorg dat ons die feite ken, teen mekaar opweeg en dan besluit of ons die reg het om so 'n voorstel te maak.

Ons besef dat die primêre doel van Vreugdedag was om vreugde maar nou vra ons u: regverdig die groot organisasie so 'n klein wins?

J. F. Scholtz.
F. de Beer.

*(Die twee here het tog albei die reg gehad om op die vergadering die mosie teen te staan en 'n amendement daarop in te dien. U kan verder al hierdie vrae en beskuldigings ook op die vergadering gelug het. — red.).*

# P.U. Tennisspelers presteer op W.-Tvl. Tenniskampioenskappe.

**Die tennisspelers van die Puk kan vanjaar voorwaar trots wees op hulle vertonings op die Wes-Transvaalse Tenniskampioenskappe. Dit was so byna-byna of 'n paar van die grootkoppe het gekan tel.**

Met die uitsondering van twee spelers het almal die eerste rondte baie maklik weerstaan. Willem Vorster en Lappies Labuschagne het tot dusver geen moeite ondervind om deur te dring na die derde rondte van die mansdubbel nie. Dawie Smith en Theo Malan het tot dusver ook baie maklik hulle wedstryde gewen.



Theo Malan

Verlede Saterdag was Gerhard Scholtemeijer en Anna Venter amper verantwoordelik vir die eerste groot verrassing in die kampioenskappe. J. Lewellyn en M. Eaton het hulle hande vol gehad om die twee Pukke van 'n oorwinning te weerhou. Lg. twee spelers speel albei vir Wes-Transvaal. Die Pukke moes eindelik die aftog blaas met 5—7, 6—2, 6—2.

Dawie Smith was ongelukkig om Saterdag reeds teen A. Maccink, een van die gunstelinge om te toernooi te wen te staan te kom, en is met 6—3, 6—0 deur hierdie oud-Puk geklop. Die telling is beslis misleidend want Dawie het sy man baie goed gestaan teen hierdie ervare speler.

Theo Malan het verlede Saterdag sommer vir puik tennis gesorg toe hy 'n welverdiende oorwinning behaal het oor 'n bekende speler in Wes-Transvaal. Ongelukkig het Theo saam met Tikkie de Groot verloor in die gemengde dubbelspel.

Nog 'n paar wat in die gemengde dubbelspel die knie moes buig is Willem Vorster en Helen Dreyer. Na 'n stryd van drie stelle moes die twee Pukke eindelik die knie buig.

Daar is nog 'n hele klompie van ons spelers wat nog nie uitgeskakel is nie, en van hierdie spelers verwag ons sommer baie in die wedstryde wat nog voorlê.

## O/19 RUGBY SUKKEL

Net soos verlede jaar, sukkel die O/19-spanne vanjaar weer met 'n tekort aan spanne en kan daar skaars twee spanne in stand gehou word. Slegs een span is dan ook in die liga ingeskryf. As in ag geneem word dat hierdie span selde in 'n oefening 'n volle span kan hê, het hulle tot dusver baie goed gevaar deur net een wedstryd, nl. die teen Weermag, te verloor. Spelers soos Trevor George, Bennie de Klerk en Vaatjie van der Merwe hou groot belofte in vir die toekoms.

## TWEE PUKKE SKITTER IN WES-TRANSVAAL O/20

Jan Kruger en Jona Viljoen, senter en voorryman van die Puk se eerste span, het Saterdag puik spel gelewer toe hulle vir die Wes-Transvaalse O/20-span teen Vrystaat diens gedoen het. Veral Kruger het beïndruk deur 'n paar seepgladde breekslae.

# Sielkundestudentever. maak geskiedenis

**Geskiedenis is gemaak toe daar Dinsdagaand die 7e Mei vir die eerste keer in die bestaan van die P.U. vir C.H.O. 'n programaand deur die Sielkundestudentevereniging van die P.U. vir C.H.O. aan lede en besoekers aangebied is.**

Om 7.45 was die tweedejaarslesingsaal van die nuwe sielkundegebou reeds gevul deur lede en besoekers by die eerste vergadering in sy soort.

In die totstandkoming van die vereniging moet die naam van mnr. W. D. Pienaar uitgesonder word vir sy geesdriftige werk en hulp waarsonder die vereniging sekerlik nie gestig sou gewees het nie. Hom kom die eer toe dat hy die bal aan die rol gesit het, waarby die nagraadse studente ywerig ingeval het en ook hulle gewig bygegooi het.

Mnr. Dave Grundling, die voorsitter, het baie duidelik gestel dat die vereniging as doel het, die uitbou en verbreiding van kennis aangaande die vak. sielkunde, deur so veel moontlik gebruik te maak van deskundiges op die verskillende gebiede van die vak. Die hoop is ook uitgespreek dat vrae vryelik aan die sprekers gestel sal word.

Die welbekende en gewilde mnr. Barnard van Witrand het die aand afgesluit met 'n skyfievertoning van die pasiënte van die inrigting. Op vaderlike wyse, in wetenskaplike taal, het hy elke geval bespreek en die kennis van die toeskouers so met die diepere kennis verbreed, dit tenspyte van die feit dat hy nog aan die herstel is na 'n onlangse ernstige motorongeluk.

Sy kleurskyfie-beeld van Witrand-pasiënte is nog nie voltooi nie, maar hy het die hele reeks wetenskaplike foto's reeds aan die Universiteit beloof. Ons sê dankie, oom Bardie.

'n Rooskleurige toekoms word vir die vereniging voorspel. Eerstejaars mag nie lede van die vereniging word nie, daar baie van hulle dit slegs as 'n stopvak neem.




**Dit is die snit wat tel . . .**

★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

**J. TOD SUTTIE**
**Die Mansuitrusters**
Posbus 219 — Foon 1

**STUDIE of PLESIER?**

*ONS SAL U TOER VIR U REëL — IN DIE BUITELAND OF BINNELANDS.*

**ONS DIENSTE IS GRATIS**

**LUG — SEE — PAD**

*RAADPLEEG ONS EERS!*
*DIT KOS NIKS EKSTRA NIE*

**POTCHEFSTROOMSE REISBURO**

Kerkstraat 150 Tel. 1425
POTCHEFSTROOM



**TREINBESPREKINGS — — HOTELBESPREKINGS**

*U is altyd welkom by ons kantoor — Gratis pamflette beskikbaar.*

# 'ukke vaar goed op Kuruman

## *Behaal mooi oorwinning*

**In 'n aanskoulike wedstryd vol hoogtepunte het die eerste rugbyspan van die Puk daarin geslaag om hulle wedstryd op 4 Mei teen Kuruman met 22 punte teen 17 te wen. Soos die telling aandui was die wedstryd taamlik gelykop maar weens die samespel van die Pukke het hulle die oorwinning behaal.**

Dit was veral in die laaste tien minute voor rustyd dat die Pukke soos ware kampioene gespeel het en waarin daar heel wat punte aangeteken is. Daar was in hierdie paar minute geen keer aan die manne nie en met 'n paar mooi lopies waarvan verskeie op drieë uitgeloop het, het hulle die toeskouers op ware studenterugby getrakteer.



Spekkies de Villiers

### Punte

Die eerste drie het gekom van 'n agterlynbeweging waaraan Spekkies de Villiers ook deelgeneem het om sodoende die een man oor te besorg. Hy het gebreek die bal aan Dewald Steyn besorg wat gaan druk het. Hierna was daar geen keer aan die manne nie. Daarna is drieë gedruk deur Dries Redelinghuys, Jan Ackerman, Johan Aucamp en Lou Erasmus. Spekkies de Villiers het twee vervyf en 'n strafskop oorgeklits.

### Jan Ackerman

Hoewel dit moeilik is om uitsonderings te maak moet die naam van Jan Ackerman genoem word. Hy het die hele wedstryd 'n bars gespeel en was orals te sien.



Koos Hattingh
*Fotokuns*

### Kobie van der Walt

Ook Kobie van der Walt het deurgaans puik vertoon. Hoewel hy teen Monty Terblanche, wat sy provinsie reeds 'n hele aantal kere verteenwoordig het, te staan gekom het, is hierdie klein skakeltjie nooit oorskadu nie.

Verdere manne wat die oog gevang het was Koos Hattingh en aan die verloorders se kant, Tjaart Steyn, 'n man wat nog verlede jaar gereeld die eerste span van die Puk verteenwoordig het.



Cobie van der Walt
*Fotokuns*

### Navy

In 'n voorwedstryd het die tweede span minder goed gevaar en is hulle deur die span van Kuruman met 15—12 verslaan. Die oorsaak hiervan kan in 'n mate gesoek word daarin dat 'n groot aantal van die oorspronklik gekose manne hulle onttrek het. Verdienstelike spel is hier gelewer deur Fanie van Wyk, Dries Coetzer en Colly van Vuuren.

### DAWIE SMITH NA ELLISPARK

Dawie Smith, knap jong tennisspeler van die Puk, is gekies as lid van die span om Potchefstroom op Ellispark op 31 Mei te verteenwoordig in die tenniskompetisie om die „Country Shield and Rose Bowl". Die span bestaan uit vier spelers. Hartlik geluk, en ons wens jou sterkte toe vir die toernooi!

# Nuwe era ingelui in ꞁugby op die P.U.K.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van rugby op die Puk gaan 'n interkoshuis-liga ingestel word. Hierdie besluit is verlede Dinsdagmiddag op 'n vergadering van die P.U.-Rugbyklub geneem en sal reeds Maandagmiddag in werking tree.

Na verneem word, sal meegeding word om 'n pragtige beker wat geskenk is deur mnr. P. Coetsee van Durban.

Hierdie ingrypende stap van die Rugby-klub is besonder pryseswaardig. Nie alleen sal 'n beter gees tussen die koshuise bewerkstellig word nie, maar dit sal beslis ook nuwe vuur blaas in die rugby op die universiteit, waar gebrek aan ondersteuning in die laaste tyd begin kop uitsteek het. Die beoogde liga sal die belangstelling in die spel onder die studente in die algemeen geweldig aanwakker; talle nuwe spelers sal getrek word, en ook die toeskouers langs die velde sal toeneem.

# Dames verloor op hokkiebaan

**Nieteenstaande die feit dat die P.U.-dameshokkiespan Saterdag 4 Mei met 'n telling van 5-2 teen K.A.A.A. van Klerksdorp verloor het, kan ons nog vanjaar veel van hulle verwag.**

In die wedstryd wat op Stilfontein plaasgevind het, het die Puk-dames 'n bars gespeel: die Puk se verdediging was werklik puik, maar op die aanval wil dit nog nie so glad verloop soos dit moet nie. As ons egter in aanmerking neem dat 9 van die 11 spelers van K.A.A.A. reeds hul provinsiale kleure verwerf het, dan spreek die Puk-dames se spel boekdele. Die wedstryd het tot diep in die tweede helfte baie gelykop verloop. Selfs 'n kwartier na rustyd was die telling nog 2 elk. Daarna het K.A.A.A. se ervaring begin tel en is nog 3 verdere doele deur hul aangeteken. As die Puk-dames bietjie fikser word, behoort hulle met hierdie span te kan afreken. Te meer nog as ons in ag neem dat die Puk (wat net 4 van verlede jaar se eerstespan-speelsters oorgehou het) nou weer 'n span opnuut moet bou.



Buddy Howell
*Fotokuns*

Hierdie K.A.A.A.-span se krag blyk daaruit as ons noem dat hul die vorige Saterdag met 'n telling van 14—0 met Pote afgereken het.

Vir die Puk het Susie Swanepoel en Greta van der Merwe uitgeblink en met puik spel voorendag gekom, terwyl Esti Martins en Buddy Howell (wat weer vir haar Alma Mater op die veld draf) ook vir mooi lopies gesorg het.

In hul eerste wedstryd op die vorige Saterdag het die Puk-dames vir Stilfontein oorrompel en hul met 'n telling van 7—1 kafgedraf.

As hierdie span so volhou, koester ons groot verwagtings van hulle, nie alleen in die liga nie, maar ook op die Inter-universitêre-hokkietoernooi wat gedurende die Julie-vakansie deur Puk op eie bodem aangebied word.

# *Twee Pukke in W.Tvl. Hokkiespan*

**Die eerste manshokkiespan het Saterdag 4 Mei 'n maklike oorwinning teen Garnisoen gehad. Binne die eerste minuut het Daan Meyer die Pukke se eerste doel aangeteken en kort daarna het hy met die tweede doel gevolg. Peet Aucamp het die derde en laaste doel van die Pukke aangeteken. Slegs een doel kon teen die P.U. aangeteken word.**

Twee Pukke, Jan Ras en Roger Stoutesbury is gekies om die Wes-Transvaalspan te verteenwoordig.

Die oggend reeds het die tweede span Boy's High se eerste span 4—2 geklop. Die span het as geheel baie mooi vertoon. Van die nuwe spelers hou baie belofte in vir die Puk se hokkie.

Die gees en gesonde wedywering wat vanjaar in die hokkie bespeur word is uiteraard goed. Oom Wim Voordewind wat die span afrig dra baie by vir die welslae wat tot dusver behaal is.

Vir die belangstellendes kan net gemeld word dat die Puk eerskomende Saterdag teen Goldfields opdraf. Hierdie wedstryd sal egter nie op Potch. plaasvind nie.



Jan Ras

Die wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk, eienaars en uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O.

**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertandlekker hap neem - is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle - die keurbier vir louter plesier - in kannetjies of bottels.






**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**

Grant 345/6877-2A